
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, April 12, 2019
Page: 30





# Jou boedel en lewenspolisse

**Vandeesweek kyk ons na die uitwerking van lewenspolisse op jou boedel wanneer jy die dag sterf, en die moets en moenies om tydens jou boedelbeplanning in ag te neem.**

Lewensdekking is noodsaaklik. Sorg dat jy genoeg daarvan het. Jou geldelike bydrae tot die gesin se inkomste val weg met jou dood. Dit is jou verantwoordelikheid teenoor jou naasbestaandes om hulle nie in finansiële ellende agter te laat nie. Al jou skuld moet by dood afgelos word. En dan is daar administrasiekoste, belasting en so meer wat uiteindelik 'n groot finansiële las op jou geliefdes kan plaas as daar nie genoeg kontant in die boedel is nie. Laat liewer te veel as te min na. Ek het nog geen naasbestaande hoor kla dat hy of sy te veel geld geërf het nie.

Doen 'n omvattende boedelbeplanning so gou jy kan. Dit sal jou gemoedsrus gee ten opsigte van die bedrag lewensdekking wat jy werklik nodig het. Jy wil nie te min hê nie. Jy wil egter ook nie te veel geld aan lewenspolisse bestee terwyl jy nog lus is vir lewe en ander verpligtinge het nie.

Boedelbeplanning gaan natuurlik baie wyer as om lewenspolisse te koop. Jy sal gemoedsrus kry oor 'n hele paar sake, waaronder aftrede, die versorging vir naasbestaandes, belastings ter sprake by dood en die gevolge van testamentêre bemakings.

## BEGUNSTIGDES

Moenie al jou lewenspolisse regstreeks aan begunstigdes laat uitbetaal nie. Ek weet baie raadgewers beveel dit aan, sommiges met redenasies gegrond op doodgewone onkundigheid. Dit is byvoorbeeld snert dat die polisopbrengs dan kwytgeskeld gaan wees van boedelbelasting. 'n Polis op jou lewe kom in aanmerking vir boedelbelasting by jou dood. Dit is regtig só eenvoudig.

As die polis buite die boedel regstreeks aan 'n begunstigde uitbetaal, kan dit wel beteken daar is 'n besparing op die eksekuteursgeld. Maar dit kan ook die boedel met 'n kontanttekort laat. Dit is een van die grootste probleme met die afhandeling van boedels, volgens my kollegas by die Fidusiêre Instituut van SA (Fisa), wat daagliks boedels administreer.

'n Kontanttekort kan beteken die bates wat jy vir iemand spesifiek geoormerk het, sal verkoop moet word om boedelverpligtinge na te kom. Moenie "boedelverpligtinge" ligtelik opneem nie. Jy kan nie alles voorsien terwyl dit met jou goed gaan nie, selfs al het jy boedelbeplanning gedoen.

Die koste van 'n lang siekte is een so 'n verpligting. Baie mense word maande en jare medies aan die lewe gehou en dit kan miljoene rande beloop – rande wat uit die gesin se beursie gedra moet word. Soms moet daar selfs lenings aangegaan word en dit kan naasbestaandes met 'n geldtekort of skuld agterlaat.

Nóg 'n gevolg daarvan om polisse regstreeks aan 'n begunstigde te laat uitbetaal, is dat die polis, soos genoem, tot boedelbelasting lei. Hoewel die boedelbelasting wat op die polis gehef word, betaalbaar is deur die begunstigde, is die manier waarop die som gemaak word pro rata ten opsigte van die totale boedelwaarde. Dit kan 'n boedelbelastingprobleem skep vir ander erfgename in 'n geval waar daar nie 'n boedelbelastingprobleem sou wees as dit nie vir die polis was nie.

Moet ook nie 'n polis wat jy wel regstreeks aan 'n naasbestaande begunstig by jou testament inbring nie. Maak seker daarvan. Die polis betaal uit volgens die kontrak met die versekeraar aan die begunstigde wat jy noem.

As jy 'n polis wat reeds begunstig is ook in jou testament gaan bemaak, kan jy in die waan verkeer dat iemand spesifiek bevoordeel gaan word deur die polisopbrengs, terwyl die geld eintlik na iemand anders toe gaan. Boonop kan jou geliefdes mekaar in die hare vlieg oor geld wat iemand moes erf, maar nie nou gaan erf nie, want jy het dit aan iemand anders begunstig.

## DOKUMENTE

Bewaar jou testament en polisdokumente bymekaar en op 'n veilige plek, waar jou naasbestaandes dit ná jou dood maklik kan kry. Hoe gouer die administrasie afgehandel kan word, hoe gouer kan polisse uitbetaal en verpligtinge nagekom word, en hoe gouer kan hulle met hul lewe voortgaan. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**, **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.